

**15 Februarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 19 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Genesis 19:19**

**Leef in dankbaarheid uit die Here se genade en groot guns**

In Sodom was daar nie tien regverdige mense te vind nie. Daarom word die oordeel van die Here oor die stad en sy sondige inwoners voltrek. Tog beskik die Here dat Lot en sy gesin op 'n besondere wyse deur twee engele gered word. Lot getuig van die redding van die Here wanneer hy sê dat hy genade in die oë van die Here gevind het. Die Here het sy guns groot gemaak en aan hom bewys deur sy lewe te spaar.

Al bewys die Here sy genade en groot guns aan Lot, vind ons tog dat Lot talm. Dit is asof hy Sodom nie agter kan laat nie. Die twee engele moes Lot, sy vrou en twee kinders aan die hand gryp en uit die stad uit lei. Op hulle bevel om na die gebergtes te vlug, word Lot se eie belang op die voorgrond geplaas. Hy is nie staat om die gebergtes in te vlug sonder dat die onheil hom inhaal nie. Lot wil eerder na Soar toe vlug.

Genade en groot guns word aan Lot betoon, maar tog 'n getalm en eie belang wat op die voorgrond gestel word. Dit getuig van ondankbaarheid in Lot se lewe.

Genade en groot guns. Jy het dit in Jesus Christus ontvang. Die oordeel wat oor jou moes kom, het oor Christus gekom. In Christus in jy voor die Here geregverdig. Is daar dalk in jou lewe nog 'n getalm om met jou sondige natuur en sondige wêreld te breek? Is jy dalk geneig om jou eie belang bo die bevel van die Here te stel? Dien die Here met oorgawe. Wees aan Hom alleen gehoorsaam. Plaas jou eie belange op die agtergrond.

Leef so in dankbaarheid uit die genade en groot guns wat die Here aan jou geskenk het.

*Sing: Psalm 116:1, 7 (1936)*

*Ds AF Berg (Bothaville)*

